SA Media - The University of the Orange Free State
Page: 1
Source: RAPPORT
Date: 10-Jun-2001
Topic: 08
Ref No: 8287
1
ID: 02714851-01
Source Page: 3

# Herstrukturering 'is 'n realiteit'

EUGENE GUNNING

Die regering hou vol dat hy vanjaar nog sy verklaarde teiken van R18 miljard gaan haal met die herstrukturering of privatisering van staatsbates.

Hoewel ekonomiese waarnemers skepties daaroor is, sê dr. Ian Phillips, raadgewer van mnr. Jeff Radebe, minister van openbare ondernemings, dat planne op koers is.

Phillips sê daar is baie misverstande. Mense vergeet die departement van openbare ondernemings se inkomste strek verder as net die departement.

Inkomste is ook reeds verdien met byvoorbeeld die verkoop van Sasria. Telkom is 'n belangrike instrument om die teiken van R18 miljard te bereik. Sy notering is op koers en behoort voor die einde van die jaar plaas te vind.

Die privatisering van staatsbosse gaan ook voort en sowat R100 miljoen sal daarmee verdien word.

SwissAir, wat reeds 20% van die Suid-Afrikaanse Lugdiens gekoop het, het 'n opsie om 'n verdere 10 % te koop. Dit kan die verdienste verder verhoog.

Oor die politieke gevolge sê Phillips die arbeidsektor is bekommerd dat werkgeleenthede verlore kan gaan. Die regering is simpatiek en wil nie deel hê aan die verlies van werkgeleenthede nie. Strukture is in plek om die verlies aan werkgeleenthede te beperk.

Die regering luister en praat met belanghebbendes, maar neem self besluite.

"Die herstrukturering is egter 'n realiteit."

**egunning@naspers.com**